

Woensdag 19 September

Skrifgedeelte: Rigters 12:1-15

Fokusgedeelte: Rigters 12:1-6

God rig ons deur Christus

'n Gelowige behoort altyd eties en reg op te tree. Daar moet na ons harte en dade ge-kyk word. Ons leer en lewe moet één wees voor God. Vir wie doen jy dit ... vir God of vir jouself? En, wat is die gevolge van jou dade?

Die Israeliete is vir 18 jaar lank in Gilead verdruk en mishandel deur die Ammoniete (10:8). Die volk was ongehoorsaam en die Here het hulle in die mag van die Filistyne en die Ammoniete oorgegee (10:6). Die Gees van die Here het op Jefta gekom, hy het 'n gelofte teenoor die Here afgelê en hy het die aanval teen die Ammoniete begin.

In hoofstuk 12 lees ons van Efraim – die buurstam van Gilead oorkant die Jordaan. Hulle het vir Jefta kwalik geneem omdat hulle nie ook na die oorlog opgeroep is nie (:1). Daarby het hulle ook vir Jefta gedreig dat hulle sy huis gaan afbrand. Hulle het geen rede gehad om so met hom te twis nie, en tog het hulle baie heftig teenoor hom reageer!

Die twis het verder in 'n burgeroorlog met Efraim ontaard. Jefta het die manne van Gilead opgeroep vir oorlog en Efraim is verslaan. Hulle is deur Jefta teruggedryf na die oor-kant van die Jordaan. Die Jordaan is toe beman uit veiligheid vir die Efraimitiese vlugte-linge. Indien mense oor die rivier wou kom, was daar 'n “doeane” of “grenspos” waar hulle moes bewys dat hulle nie van Efraim af kom nie (:5).

Die toets om oor die rivier te beweeg, het gelê in die uitspraak van die Hebreeuse woord “Sjibbolet”. Die verkeerde uitspraak (met die aksent-verskil) van die eerste letter in die Hebreeus is “Sibbolet”. Die Efraimiete het in die verlede die “sh”-klank (Hebreeus: “shin”) as 'n “s”-klank (Hebreeus: “samek”) uitgespreek.

Twee kerngedagtes word in hoofstuk 12 gevind: (1) jou optrede en besluite het gevolge, in Jefta se geval het sy gelofte nie net sy dogter nie, maar ook Efraim se lewe op die spel geplaas; (2) om in jou verwaandheid te roem, soos die Efraimiete wat eer wou ontvang tot eie voordeel, is verkeerd. God rig ons deur sy Woord! Sy Woord is die lig vir ons pad en die lamp vir ons voet (Ps. 119:105). God het sy Seun gegee sodat ons deur die lig van sy Woord gerig kan word met die oog op die hiernamaals. Dan word elke tree en elke woord gemeet en getoets aan die hand van die Woord. Daarom moet jou etiek as gelowige reg wees sodat jy reg kan optree.

Sing: Psalm 25-1:2

Ds. GJ (Gert) Erasmus (Komatipoort)